Wes-Kaapse Regering
Onderwys

# SEPTEMBER REKORD EKSAMEN

## GRAAD 12

# REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V1
# SEPTEMBER 2015

**PUNTE: 180**

**TYD: 3 URE**

**Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye (HTML merkerblad ingesluit) en 'n aparte inligtingsblad.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Weens die aard van hierdie drie-uur eksamen, is dit belangrik om daarop te let dat jy NIE toegelaat sal word om die eksamenlokaal te verlaat voor die einde van die eksamen nie.

2. Tik jou Naam en Van in die bladsyboskrif ('header') van ELKE dokument wat jy skep of stoor.

3. Die data lêers kan in die eksamen Data-lêergids op die netwerk of 'n alleenstaande rekenaar gevind word. As jy op die netwerk werk, moet jy die instruksies wat deur die toesighouer verskaf word noukeurig volg.

4. 'n Kopie van die meesterlêers sal by die toesighouer beskikbaar wees. Indien daar enige probleme met 'n lêer is, kan jy die toesighouer vir nog 'n kopie vra.

5. Hierdie vraestel bestaan uit SEWE vrae.

6. Beantwoord AL die vrae.

7. Maak seker dat jy elke dokument stoor deur gebruik te maak van die lêernaam wat in die vraestel gegee word. Stoor jou werk met gereelde tussenposes in geval van moontlike kragonderbrekings.

8. Lees deur elke vraag voordat jy dit beantwoord of die probleem oplos. MOENIE meer doen as wat deur die vraag vereis word nie.

9. Aan die einde van die eksamen moet jy seker maak dat AL die lêers op die netwerk gestoor is soos deur die toesighouer /onderwyser aan jou verduidelik. Maak absoluut seker dat al die lêers gelees kan word.

10. Die aparte inligtingsblad wat saam met hierdie vraestel voorsien is, **MOET VOLTOOI WORD NA DIE DRIE-UUR EKSAMENSESSIE.** Handig dit aan die einde van die eksamen aan die opsiener in.

11. Gedurende die eksamen mag jy gebruik maak van die hulpfunksies van die programme wat jy gebruik. Jy mag NIE enige ander hulpbronmateriaal gebruik nie.

12. Indien data afgelei word van 'n vorige vraag wat jy nie kon beantwoord nie, moet jy steeds voortgaan met die vrae wat volg.

13. Tensy anders aangedui, moet formules en/of funksies gebruik word vir ALLE berekeninge in die sigblad vrae. Absolute selverwysings moet slegs waar nodig gebruik word om te verseker dat formules korrek is wanneer dit na ander selle in die sigblad gekopieer word.

14. Vir alle woordverwerkingsvrae, moet die taal op English (South Africa) gestel word. Die papiergrootte is A4 Portret, tensy anders aangedui.


15. Die eksamengids wat jy saam met hierdie vraestel ontvang, bevat die lêergids en al die lêers wat hieronder gelys word. Maak seker dat jy die lêergids en al die lêers het voordat jy met die eksamen begin.

| | |
|---|---|
| • 1SA STEM | Woordverwerkingslêer |
| • 2MS Centre | Woordverwerkingslêer |
| • 3MS Performance | Sigbladlêer |
| • 4Maths2014 | Sigbladlêer |
| • 5MandSData | Databasislêer |
| • 6STEM | HTML lêer |
| • 6Maths | Prentlêer |
| • 7Answers | Woordverwerkingslêer |
| • 7Letter | Woordverwerkingslêer |
| • 7Marks | CSV (teks) lêer |
| • Prof Barry Dwolatsky | Prentlêer |

**SCENARIO**

Die voortdurende swak prestasie van Suid-Afrikaanse leerders in die vakke Wiskunde en Fisiese Wetenskappe skep bekommernis.

Verskillende dokumente is saamgestel as deel van ‘n inligtingsveldtog. Daar word van jou verwag om hierdie dokumente te redigeer en veranderinge daaraan te bring.



## QUESTION 1: WOORDVERWERKING

Jy word gevra om 'n paar koerantberigte te redigeer en voor te berei.

Maak **1SA STEM** dokument oop en voeg jou naam in die bladsyboskrif (*header*) van die dokument. Doen nou die volgende:

1.1 Stel die boonste en regter kantlyne op 2 cm. (1)

1.2 'n Dekblad ('*cover page*') is in gevoeg, maar nie al die velde voltooi nie:

1.2.1 Skuif die opskrif wat in groen geskakeer is na die dokument titel posisie. (1)

1.2.2 Vertoon vandag se datum in die toepaslike veld op die dekblad. (1)

1.3 Skep 'n outomatiese inhoudsopgawe op die tweede bladsy soos hieronder aangedui. Doen die volgende voordat die inhoudsopgawe ingevoeg word.

1.3.1 Pas die 'Heading 2' styl toe op alle opskrifte in blou geskakeer. (1)

1.3.2 Pas alle opskrifte aan wat as 'Heading 3' (in geel geskakeer) geformateer is, om 7 pt voor en 5 pt na elke opskrif te vertoon. (2)

1.3.3 Skep 'n nuwe opskrifstyl deur die volgende instruksies te volg:

- Baseer die nuwe styl op 'Heading 1'.
- Die nuwe opskrif styl word 'STEM' genoem.
- Die lettertipe moet nie uitgerek (*expanded*) wees nie. (3)

1.3.4 Voeg die inhoudsopgawe in, maar vertoon SLEGS opskrifte van vlak 2, soon in die voorbeeld hieronder aangetoon:

**Table of Contents**

STEM Education as a Solution to Youth Unemployment........1
Maths and science need desperate boost........4
South Africa ICT Skills shortage starts in Matric........6
The 10 Skills Employers Most Want In 2015 Graduates........7

(2)

1.4 Voeg bladsynommers onderaan elke bladsy deur die volgende instruksies te volg:

- Nommering begin by 1 op die derde bladsy. Die dekblad en inhoudsopgawe blad bevat dus geen bladsynommers nie.
- Onewe nommers word aan die linkerkant en ewe nommers aan die regterkant van die bladsy vertoon. (3)

1.5 Beklemtoon alle voorkomste van die afkorting 'STEM' deur die lettertipe na rooi en vetdruk te verander. (2)

1.6 Om makliker deur die dokument te navigeer, doen die volgende:

1.6.1 Spoor die boekmerk '*youth'* op en voeg 'n hiperskakel daarvandaan na die laaste hoofopskrif *'The 10 Skills Employers Most Want In 2015 Graduates'*. (2)

1.6.2 Voeg 'n kruisverwysing ('*cross reference'*) in na die opskrif *'The 10 Skills Employers Most Want In 2015 Graduates'* om 'n hiperskakel na die bladsy nommer van die boekmerk '*Maths'* te skep. (2)

1.7 Voeg die foto van Prof Barry Dwolatsky (in jou eksamengids) binne-in die vierkant regs van sy naam (in pienk geskakeer). Die lyne van die vierkant moet as raam om die foto sigbaar wees. (2)

1.8 Vind die tabel onder die opskrif "*South Africa ICT Skills shortage starts in Matric*".

1.8.1 Pas die tabel aan om soos die voorbeeld hieronder te lyk. Neem kennis van die instruksies daaronder:

| | **Maths Lit** | **Maths** | **Science** |
|---|---|---|---|
| % Change | 14% | -21% | -20% |
| 2009 | 284 174 | 296 164 | 224 902 |
| 2013 | 330 789 | 245 663 | 187 170 |
| | | | <<function>> |

- Gebruik skakering om die rye soos aangedui, in te kleur.
- Pas die inlynstelling van die hoofopskrifte en getalle aan.
- Neem kennis van die lyndiktes in die tabel.

(4)

1.8.2 Vervang die woord <<*function*>> in die laaste sel van die tabel met 'n berekende veld wat die verskil tussen die 2009 en 2013 getalle vir Wetenskap (*Science*) sal vertoon. (2)

1.8.3 Voeg 'n ingeboude onderskrif (*caption*) onder die tabel in wat die volgende aandui:

'Table 1 Maths and Science: 2009 vs 2013'. (2)

1.9 Pas die lys vaardighede (in rooi geskakeer) onder die opskrif *'Win At Work: An eBook From Forbes'* soos volg aan:

1.9.1 Vervang die '*manual line breaks*' aan die einde van elke reël met 'n paragraafmerker. (1)

1.9.2 Voeg kolpunte van jou keuse voor die lys van vaardighede in. (1)

1.9.3 Formateer die kolpuntposisie om 1 cm van die linker kantlyn en die teks 1.5 cm van die linker kantlyn te vertoon. (2)

1.10 Verander die teks onder die subopskrif *'Include all skills in résumé'* na 3 kolomme wat ewe wyd is. Verander die spasie tussen die kolomme na 0.5 cm. (3)

1.11 Bring die volgende aanpassings aan op die dokument:

1.11.1 Voeg I. Pieterse as skrywer van die bron '*Maths-and-Science (2014)'* in. (1)

1.11.2 Voeg 'n aanhaling (*citation*) in na die laaste woord ('...*skills*.') in die dokument om die bron *'The 10 Skills Employers Most Want In 2015 Graduates'* te erken. (1)

1.11.3 Voeg 'n bibliografie aan die einde van die dokument in. Maak seker dit is in die APA sixth edition-formaat. (2)

Stoor en maak **1SA STEM** toe. **[41]**

## VRAAG 2: WOORD-VERWERKING

‘n Aansoekvorm om die leerders na die Wiskunde en Wetenskapsentrum (*Maths and Science Centre*) te nooi, is ontwerp.

Maak **2MSCentre** oop.

2.1 Redigering aan die vorm is beperk. Verwyder eers die beskerming (*protection*) voordat jy met die volgende instruksies kan voortgaan: (1)

2.2 Die veranderingspoor *(Track changes*) is gebruik om spelfoute aan te dui.

2.2.1 Aanvaar die korreksie wat aan ‘facilities’ gemaak is. (1)

2.2.2 Verwerp die skeiding van ‘Skyblue’. (1)

2.3 Voeg die volgende velde in op die aansoekvorm:

2.3.1 ‘n teksveld waarvan die tipe *Number* is langs *Grade* waarin ‘n maksimum van slegs 2 karakters getik kan word. (3)

2.3.2 ‘n merkblokkie (*checkbox*) by die 4 cm tabelstop links van ‘Twice a week’. (2)

2.4 Gebruik ‘n tabelstop met gidsstippels (*leader dots*) om ‘*Cell phone’* by ongeveer 8 cm te plaas. Verwys na die voorbeeld hieronder:

Landline: ........................................ Cell phone: .....................................

(2)

2.5 Voeg ‘n aftuimellys (*dropdown field*) langs ‘*application*’ in om die aansoeker in staat te stel om ‘Yes’ of ‘No’ te kies. (2)

2.6 Voeg kommentaar langs ‘R125’ in om die onderwyser te herinner om die bedrag te bevestig. (2)

2.7 Korrigeer die spelfout in die laaste paragraaf. (1)

Stoor en maak **2MSCentre** toe. Dit is nie nodig om die redigering weer te beperk nie. **[15]**

## VRAAG 3: SIGBLAD

Maak die **3MS Performance** sigblad oop.

Werk in die **Combination** werkblad. Voeg jou naam in die bladsyboskrif (*header*) van die werkblad.

3.1 Verbeter die voorkoms van die sigblad deur die volgende veranderinge aan te bring:

3.1.1 Voeg rye **A1 tot S2** saam en sentreer dit. (1)

3.1.2 Verander die lettergrootte van die opskrif '*Science and Mathematics results*' na 18 pt. (1)

3.1.3 Verander die ryhoogte van **ry 3** na 30 pt. (1)

3.1.4 Sonder om enige kolomwydtes te verander, maak seker dat alle opskrifte in **ry 3** sigbaar is. (1)

3.2 Verstel die bladsyuitleg sodat die werkblad slegs op EEN blad in landskap sal druk. (2)

3.3 Voeg 'n funksie in **sel F23** om die totale hoeveelheid leerders te vertoon wat 30% en hoër in Wetenskap (*Science*) in die jaar 2012 behaal het. (3)

3.4 Die volgende kleurkodes word toegepas waar provinsies verbetering in die slaagpersentasie van Wetenskap (*Science*) toon:

| **Verandering in slaag persentasie op 30% van 2013 tot 2014** | **Kleurkode** |
|---|---|
| Minder as 0% | ROOI |
| Vanaf 0% tot minder as 10% | GEEL |
| 10% of meer | GROEN |

Voeg 'n funksie in **sel R17** om die kleurkode vir die Noordwes provinsie (*North West province*) vir Wetenskap (*Science*) vas te stel.

**Let wel:** Die funksie moet ook werk indien dit na ander selle in dieselfde kolom gekopieer word. (4)

3.5 Voeg 'n gepaste naslaanfunksie (*lookup function*) in **sel S20** om die hoeveelheid besoeke aan skole wat Wiskunde (*Maths*) in die Noordkaap provinsie bied, te toon. Gebruik die tabel op die **Lookup** werkblad. (5)

3.6 'n Aftuimellys (*drop down list)* is in sel **B26** gebruik. Redigeer die lys om 'M' en 'F' te vertoon. (1)

3.7 Gaan voort om in die **Combination** werkblad te werk, maar maak van die data op die **Gender** werkblad gebruik.

Voeg 'n funksie in **sel C27** om die totale hoeveelheid vroulike leerders wat Wiskunde (*Mathematics*) oor die laaste drie jare (2012 tot 2014) geslaag het, te bereken. (3)

Stoor en maak die **3MS Performance** sigblad toe. **[22]**

## VRAAG 4: SIGBLAD

Die sigblad **4Maths2014** bevat die 2014 Nasionale Senior Sertifikaat uitslae vir Wiskunde (*Mathematics*).

Maak die sigblad **4Maths2014** oop en beantwoord die vrae wat volg:

Werk in die **Mathematics 2014** werkblad.

4.1 Gebruik voorwaardelike formatering (*conditional formatting*) om die agtergrond van selle (**kolom X**) waar leerders nie uitslae ontvang het nie, in te kleur. (3)

4.2 Formateer die data in kolomme Y, Z en AA sodat alle nommers korrek tot 1 desimale plek vertoon. (1)

4.3 Die data in **kolom E** is nie nodig nie. Versteek hierdie kolom. (1)

4.4 Formateer die werkblad so dat **ry 1** <u>altyd</u> sigbaar bly as jy teen die blad af beweeg. (1)

4.5 Voeg ‘n kode in **kolom C** wat uit die eerste vier karakters van die vaknaam in **kolom D** bestaan. Die kode moet in hoofletters vertoon.

Voeg ‘n funksie in **sel C2** om die kode te vertoon. Kopieer die funksie na die oorblywende selle in kolom C. (3)

4.6 Voeg ‘n funksie in **sel Q14** om die totale hoeveelheid leerders van Sentrum nommer 1317717 wat tussen 0% en 29% behaal het, te bereken. (2)

4.7 Voeg ‘n funksie in **sel AB6** om die boodskap ‘Extra support needed’ te vertoon as die eksamen se gemiddelde persentasie (kolom Z) 15% of meer **laer** is as die rou SBA gemiddeld (**kolom AA**). Andersins word die boodskap ‘No support needed’ vertoon. (4)

Werk nou in die **Summary** werkblad.

4.8 Gebruik die data in **kolom W** op die **Mathematics 2014** werkblad om ‘n funksie in sel **B1** te plaas om die hoogste getal leerders wat tussen 80 en 100% vir Wiskunde (*Mathematics*) behaal het, te bepaal. (1)

4.9 Voeg ‘n funksie in **sel B2** om die hoeveelheid skole te bepaal wat ‘n gemiddelde persentasie van 70% of meer vir Wiskunde (*Mathematics*) behaal het. Gebruik die data in **kolom Y** op die **Mathematics 2014** werkblad. (3)


4.10 In **sel B3** bepaal die hoeveelheid skole wie se leerders almal 50% of meer behaal het.

Gebruik die data in **kolom M** op die **Mathematics 2014** werkblad. (2)

Werk nou op die **Top Performers** werkblad.

4.11 ‘n Grafiek wat die gemiddelde persentasie vir Wiskunde van die toppresterende skole in die provinsie wys, is in die **Top Performers** werkblad geskep.

Pas die grafiek aan om soos die een hieronder te lyk:




**Let wel:**

- Voeg gepaste grafiek titel en as etikette (*chart title and axis labels*) in op die grafiek.
- Formateer die vertikale as soos aangedui.
- Vertoon data etikette (*data labels*) soos angedui.
- Verander die vulkleur van die balke na ‘n ligte blou skakering.
- Verander die vulkleur van die balk wat die hoogste gemiddeld toon na ‘n rooi skakering.
- Stel die inlynstelling van teks op die horisontale na ‘n hoek van -45° (10)

Stoor en maak die **4Maths2014** sigblad toe. **[31]**

**VRAAG 5: DATABASIS**

Die 2014 Wiskunde en Fisiese Wetenskap uitslae is in die databasis **5MandSData** gestoor.

5.1 Werk in die **WC NSC PHSC 2014** tabel.

5.1.1 Verander die veldgrootte van die *District* veld na 30. (1)

5.1.2 Die *Centre No* veld moet 'n verpligte (*required*) veld wees. (1)

5.1.3 Skep 'n toevoermasker vir die *ExamDate* veld sodat slegs data wat soos die volgende voorbeeld lyk, ingesleutel kan word: 200811. (2)

5.1.4 Verander die *Circuit* veld sodat die gebruiker die kring nommer van 'n lys kan kies. Die lys moet die volgende data insluit: 1, 2, 3, 4, 5, 6 en 7. (3)

5.2 Skep 'n vorm met die naam **frm5_2** wat op die **WC_NSC MATH_2014** tabel gebaseer is deur die volgende instruksies te volg:

5.2.1 Voeg slegs die *District*, *Centre No*, *Wrote* en *Passed at 30%* velde in. (1)

5.2.2 Verander die opskrif van die vorm na '*Pass at 30*%'. (1)

5.2.3 Verander die *District* veld na 'n *Combo Box* waar die gebruiker die verskillende distrikte kan kies. (2)

5.2.4 Voeg jou naam en van as 'n etiket in die vorm onderskrif (*Form Footer*) in. (1)

Stoor en maak vorm **frm5_2** toe.

5.3 Maak die navraag **qry5_3** wat op die tabel **WC_NSC PHYSC_2014** gebaseer is, oop.

Pas die navraag soos volg aan:

- Slegs die sentrums van *Cape Winelands* waar meer as 'n honderd kandidate geskryf het, moet onttrek word.
- Moenie die *Pass at 40*% kolom vertoon nie.

Stoor en maak navraag **qry5_3** toe. (3)

5.4 Skep 'n navraag met die naam **qry5**_4 gebaseer op die **Maths and Phys 2013_2014** tabel, soos volg:

- Voeg slegs die *District*, *Centre No*, *ShortAlphaCode*, *Wrote* en *0-29%* velde in.
- Sorteer die data in stygende orde na aanleiding van die *District* veld.
- Onttrek slegs die Wiskunde (*Maths*) leerders wat druip. (4)

5.5 ‘n Navraag **qry5_5** wat die Wiskunde resultate vir 2013_2014 vertoon, is geskep. Die slaag persentasie op 30% en 40% word vertoon, sowel as die aantal leerders per sentrum wat op 50% geslaag het. Die totale aantal leerders wat per sentrum geskryf het, word ook voorsien.

5.5.1 Voeg ‘n berekende veld met die naam ***Pass % at 50*** in, wat die persentasie leerders wat op 50% per sentrum geslaag het, sal bereken. (4)

5.5.2 Die formaat moet na persentasie verander word en slegs 1 desimale plek moet vertoon word. (2)

5.6 Skep ‘n verslag met die naam **rpt5_6** wat op die **WC NSC PHSC_2014** tabel gebaseer is soos volg:

5.6.1 Voeg slegs die *District*, *Centre No*, *ShortAlphaCode*, *Wrote* en *Pass % at 30%* velde in. (1)

5.6.2 Groepeer die rekords in die verslag volgens die *District* veld. (1)

5.6.3 Verander die oriëntasie van die verslag na landskap. (1)

5.6.4 Verander die verslag titel na ‘Learner pass percentage at 30%’ en die lettertipe kleur na oranje. (3)

5.6.5 Stoor die verslag as **rpt5_6**. (1)

5.7 ‘n Verslag **rpt5_7** wat die *West Coast* distrik se Wiskunde uitslae vir 2014 vertoon, is geskep. Pas die verslag soos volg aan:

5.7.1 Verander die agtergrond kleur van die verslag boskrif (*Report header*) na ‘n skakering van groen. (1)

5.7.2 Kies ‘n spesiale effek met ‘n skaduwee vir die opskrifte in die bladsy boskrif (*Page Header*). (1)

5.7.3 Verwyder die datum uit die bladsy onderskrif (*Page footer*). (1)

5.7.4 Gebruik ‘n funksie om die gemiddelde hoeveelheid leerders aan te toon wat op 30% geslaag het. Voeg ‘n toepaslike byskrif by. (4)

**[40]**

## VRAAG 6: WEBONTWERP (HTML)


Jy moet ‘n webblad oor die STEM krisis finaliseer en redigeer.

Maak die webblad **6STEM** in ‘n web blaaier, sowel as in ‘n teksredigeerder oop.

- Vraagnommers is as riglyne ingevoeg om aan te dui ongeveer waar die antwoorde ingevoeg moet word.
- ‘n HTML merkerblad is aan die vraestel geheg om as verwysing te dien.

Jou finale webblad behoort soos die voorbeeld hieronder te lyk:

# The root of the STEM crisis




During the week of 16 to 19 September 2014, more than 7,3 million learners in Grades 1-6 and Grade 9 wrote the Annaul National Assessment tests in Numeracy and Literacy. The report on these assessments provides the education sector with valuable information on the performance of the system at the level of the school, district and province and also useful information on the performance of the individual learner, which in combination must be used to identify the critical areas of weakness and to subsequently develop relevant interventions for improving learning and teaching in schools.

The Annual National Assessment (ANA) results indicate that the problem with mathematics has its roots in primary school, where many learners fail to gain basic mathematical skills. The 2014 ANA results saw only 39% of grade six learners and 2% of grade nine learners scoring more than 50% in mathematics. The curriculum content and learning materials assume that by the senior phase learners have mastered basic mathematics concepts. Therefore, the basics are no longer taught in this phase. It follows that, for those learners who have failed to grasp the basics, their chances of success as they approach the exit point in schooling are considerably diminished.

| MATHEMATICS AVERAGE PERCENTAGE MARK | | | |
|---|---|---|---|
| | 2012 | 2013 | 2014 |
| Grade 1 | 68 | 60 | 68 |
| Grade 3 | 41 | 53 | 56 |
| Grade 6 | 27 | 39 | 43 |
| Grade 9 | 13 | 14 | 11 |

---

The significance of the dramatic dip in performance at grade nine level is therefore not that the education system is "unlearning" our learners, but is a direct consequence of compounding backlogs and increasingly inventive ways learners use to beat the system and dodge detection, with dire consequences for individual learners and the system.

Possible solutions to address performance in Mathematics include the following:

i. Identify learners who lack foundational mathematical skills
ii. Provide these learners with remedial assistance
iii. Re-evaluation of conditions in classrooms
iv. Introduce programmes to support mathematics education

For more information:

6.1 Voeg HTML kodes in sodat die teks ‘*The STEM crisis in SA*' in die webblaaier oortjie (*browser tab*) verskyn. (2)

6.2 Formateer die teks ‘*The root of the STEM crisis*’ sodat dit as ‘n vlak 1 opskrif vertoon en horisontaal gesentreer is. (2)

6.3 Verander die agtergrond kleur van die webblad na wit. (1)

6.4 Voeg die **6Maths** prentjie (in jou data lêergids beskikbaar) onder die opskrif in. Stel die hoogte en wydte van die prentjie na 200. (4)

6.5 Die webblad bevat ‘n tabel met vyf rye en vier kolomme.

6.5.1
- Brei die tabel uit deur ‘n nuwe ry bo die ry wat die Graad 3 inligting bevat, in te voeg.
- Voeg die volgende inligting vir graad 1 in hierdie ry in: (Verwys na die voorbeeld hierbo)

  2012 – 68
  2013 – 60
  2014- 68
- Redigeer die sel ‘*MATHEMATICS AVERAGE PERCENTAGE MARK*’ sodat die spasie tussen die selraam en die inhoud op 2 gestel is. (3)

6.5.2 Verander die lettertipe van die hele tabel na Arial. (1)

6.6 Verander die lys na ‘n genommerde lys en gebruik Romeinse syfers, byvoorbeeld:

i, ii, iii, iv. (2)

6.7 Voeg ‘n horisontale lyn met ‘n hoogte van 10 onder die lys in. (1)

6.8 Voeg die teks 'For more information:' tussen die paragraaf merkers onderaan die webblad in en laat dit na die volgende webtuiste skakel:

'http://www.education.gov.za'. (4)

Stoor en maak die webblad toe.

**[20]**

## VRAAG 7: ALGEMEEN

Die Wiskunde en Fisiese Wetenskap uitslae vir die Junie eksamen van ‘n aantal leerders is in die tekslêer **7Maths.csv** gestoor.

Analiseer die data in hierdie tekslêer deur die mees gepaste toepassing(program) te gebruik.

7.1 Voer die data van die **7Maths.csv** lêer in na of ‘n databasis of ‘n sigblad.

Noem die sigblad of databasis **7Marks**.

Gebruik nou die sigblad of databasis om die antwoorde op die volgende vrae te vind. Tik jou antwoorde in die gepaste spasies in die **7Answers** dokument.

7.1.1 Hoeveel rekords is in die sigblad of databasis ingevoer? (1)

7.1.2 Wat is die gemiddelde punt vir Fisiese Wetenskap (*Physical Science*) vir die 12A leerders? (1)

7.1.3 Wat is die naam van die leerder wat die hoogste gemiddelde punt vir Wiskunde en Fisiese Wetenskap (*Mathematics and Physical Science*) behaal het? (1)

7.1.4 Verduidelik kortliks hoe jy Vraag 7.1.3 se antwoord gekry het. (2)

7.2 ‘n Brief moet na die ouers gaan van leerders wat minder as 30% vir of Fisiese Wetenskap (*Physical Science*), of Wiskunde (*Mathematics*) behaal het.

Werk in die **7Letter** dokument.

Gebruik die data wat jy in die sigblad of databasis in Vraag 7.1 ingevoer het en berei ‘n posssamevoeging soos volg voor:

- Sorteer die leerders in stygende orde volgens hul vanne.
- Vervang al die teks tussen die ‘<< … >>’ met gepaste velde.
- Sluit slegs leerders in wat minder as 30% vir of Fisiese Wetenskap (*Physical Science*), of Wiskunde (*Mathematics*) behaal het.
- Stoor die dokument.
- Voltooi die possamevoeging.
- Stoor die saamgevoegde dokument as **7Letter_Merged**. (6)

**[11]**

**GRAND TOTAL: 180**

# HTML TAG SHEET

| Basic Tags | |
|---|---|
| **Tag** | **Description** |
| <body></body> | Defines the body of the web page |
| <body bgcolor="pink"> | Sets the background colour of the web page |
| <body text="black"> | Sets the colour of the body text |
| <head></head> | Contains information about the document |
| <html></html> | Creates an HTML document – starts and ends a web page |
| <title></title> | Defines a title for the document |
| <!-- --> | Comment |

**Text Tags**

| Tag | Description |
|---|---|
| <h1></h1> | Creates the largest heading |
| <h6></h6> | Creates the smallest heading |
| <b></b> | Creates bold text |
| <i></i> | Creates italic text |
| <font size="3"></font> | Sets size of font, from "1" to "7" |
| <font color="green"></font> | Sets font colour |
| <font face="Times New Roman"></font> | Sets font type |

**Links Tags**

| Tag | Description |
|---|---|
| <a href="URL"></a> | Creates a hyperlink |
| <a href="URL"><img src="URL"></a> | Creates an image link |
| <a name="NAME"></a> | Creates a target location |
| <a href="#NAME"></a> | Links to a target location created somewhere else in the document |

**Formatting Tags**

| Tag | Description |
|---|---|
| <p></p> | Creates a new paragraph |
| <p align="left"> | Aligns a paragraph to the "left" (default), can also be "right", or "center" |
| <br/> | Inserts a line break |
| <ol></ol> | Creates a numbered list |
| <ol type="A","a", "I","i","1"></ol> | Defines the type of numbering used |
| <ul></ul> | Creates a bulleted list |
| <ul type="disc", "square","circle"></ul> | Defines the type of bullets used |

| Tag | Description |
|---|---|
| <li></li> | Inserted before each list item, and adds a number or symbol depending upon the type of list selected |
| <img src="name"> | Adds an image |
| <img src="name" align="left"> | Aligns an image: can also be "right", "center"; "bottom", "top", "middle" |
| <img src="name" border="1"> | Sets size of border around an image |
| <img src="name" width="200" height ="200"> | Sets the height and width of an image |
| <img src="name" alt="alternative text"> | Displays alternative text when the mouse hovers over the image or when the image is not found |
| <hr/> | Inserts a horizontal line |
| <hr size="3"/> | Sets size (height) of line |
| <hr width="80%"/> | Sets width of line, in percentage or absolute value |
| <hr color="ff0000"/> | Sets the colour of the line |

**Table Tags**

| Tag | Description |
|---|---|
| <table></table> | Creates a table |
| <tr></tr> | Creates a row in a table |
| <td></td> | Creates a cell in a table |
| <th></th> | Creates a table header (a cell with bold, centred text) |
| <table width="50"> | Sets the width of the table |
| <table border="1"> | Sets the width of the border around the table cells |
| <table cellspacing="1"> | Sets the space between the table cells |
| <table cellpadding="1"> | Sets the space between a cell border and its contents |
| <tr align="left"> | Sets the alignment for cell(s) (can also be "center" or "right") |
| <tr valign="top"> | Sets the vertical alignment for cell(s) (can also be "middle" or "bottom") |
| <td colspan="2"> | Sets the number of columns a cell should span |
| <td rowspan="4"> | Sets the number of rows a cell should span |